# HEINE SMITH

**Datum:** **20 April 2011**
**Plek:** **Marioneiland**
**Vraagsteller ,V,:** **Dora Scott| Antarktiese Navorsingsprojek | C·I·B | Universiteit Stellenbosch**
**Antwoordsteller ,A,:** **Mnr. Heine Smith | Konstruksie Onderhoud Projekbestuurder |Marion ; SANAE ; Gough**

**V:** Nou sê vir my, ons is nou op Marion-eiland. Wat doen jy hierso?

**A:** Goed, my taak huidiglik is, ek is die konstruksiebestuurder op die eiland tans en was vir die laaste paar jaar. Wat ons doen is, ek is die, amper soos projekbestuurder. Basies my taak is net om te kyk dat ons natuurlik sekere mylpale wat gestel is ,of targets in Engels, wat natuurlik moet bereik word in 'n sekere tydperk vir die werkies wat gedoen moet word.

**V:** Dit is nou in terme van die nuwe basis wat nou hier gebou is?

**A:** In die bou van die nuwe basis, maar hierdie keer is dit bietjie anderste omdat daar ook taamlike onderhoudswerk gedoen word, aangesien daar nou klomp mense die basis nou bewoon en so aan -

**V:** ...en 'n klomp muise ook?

**A:** ...en 'n paar muise, ja, wat ons voor valletjies gekry het, wat die mense nog nie baie valletjies kom haal het nie maar hopenlik sal hulle ook hulle deel bydrae om die goedjies uit te roei, ja.

**V:** So sluit dit nou in om die logistiek op ‘n manier te bestuur en ook die mense te bestuur wat hier werk?

**A:** Dis korrek ja, dis basies die... Oom Giel, hy's in die logistieke kant. Hy't basies ook onder my beheer waarvan - hy't natuurlik al die logistieke reëlings soos die vervoer van die vrag, seker te maak al die vrag is verpak is hier en natuurlik weer al die pad terug tot in die Kaap en die aflaai daarvan in ons store te reël. En dan natuurlik deel van my ander take is ons het verskillende werkspannetjies hierso, meganies, elektries en bou, basies. Ons kry partykeer kontrakteurs in wat spesifieke gespesialiseerde werk doen wat ek dan ook nou oorsien en ek moet natuurlik sien dat die werk nou gedoen word op tyd en dis nie altyd so, mens kan nie altyd rigied werk op 'n programmetjie eintlik hierso nie, want die weer en omstandighede partykeer speel maar 'n rol hierso en dan moet ons hom maar inpas en die buitewerke binne toe skuiwe vir die dag of die binnewerke wat sou binne gewees het, buiten toe skuiwe as dit 'n mooi dag is of wat ook al. Natuurlik ek moet ook kyk dat die kwaliteit van die werk wat verrig word korrek is en volgens standaard is van ons Departement en dis maar in 'n baie neutedoppie wat ek hierso doen. Pa-speel en ma-speel en so aan met die probleempies in die alledaagse personeeldingetjies wat maar gebeur en so aan.

**V:** So werk jy dan vir Publieke Werke?

**A:** Ek werk vir Departement Openbare Werke, ja. Die nasionale Departement van Publieke Werke.

**V:** Ok, dis natuurlik, die gebou behoort natuurlik aan hulle?

**A:** Dis korrek ja en natuurlik ons het... geboue hierso, nie op al die eilande nie, maar hoofsaaklik, op die oomblik help ek die afdeling, die eilande afdeling by ons werk, wat 'n sub-seksie is en kan ek maar sê hulle bedryf basies Robben-eiland wat natuurlik heelwat geboue en goedjies op het en daaronder val ook Antarktika wat SANAE IV op die stadium is en Gough eiland en natuurlik Marion-eiland. Dit is basies daai portefeulje op die oomblik waarmee ek nou uithelp op die stadium, maar ek is net in my hoedanigheid hier omdat dit 'n projek is en nie eintlik onderhoudswerk nie, omdat ek nou eintlik 'n projekbestuurder is by ons Departement, kan ek maar nou sê.

**V:** En hoe lank is jy al by Marion betrokke?

**A:** Eerste keer by Marion, nou vra jy my... die eerste wat ek hier gekom het was in 1988 as ek nou reg onthou. Ek sal moet op foto's gaan kyk.

**V:** O, was dit as deel van die...

**A:** Nee, dit was toe ons afgekom het daai tyd as 'n onderhoudspannetjie maar op die projek self nou met die bou van die nuwe basis is ek betrokke van Maartmaand 195... is nou... nou vra jy my, 2005 af. 2005. Maart 2005 is die eerste wat ek betrokke geraak het hierso.

**V:** En het jy nou nog elke liewe keer afgekom?

**A:** Sedertdien ja, elke geleentheid het ek afgekom. Daar was op 'n stadium wat ons mekaar afwissel: twee spanne waar ons basies 6 maande/6 maande gewerk is so daar's... 'n ander persoon het afgekom vir 6 maande - partykeer was Oom Giel in beheer of Michael Murphy en dan die keer as hulle nie saam kom nie het Giel miskien saam met my gekom en dan moes ek hier weer gewees het vir die ander 6 maande of 3 maande periode, wat ook al ons nou afgekom het.

**V:** OK.

**A:** Die langste tyd wat ek hier gebly het was 8 en 'n half maande.

**V:** Goeie genugtig.

**A:** Maar dit was lekker, lekker oor die somerperiode. Dit was lekker. Ek het dit nogal geniet daai, daai tydjie op die eiland. Dit was baie beter as die winter.

**V:** Nee, dit kan ek glo. In watter fase van die bou van die basis was dit?

**A:** Man, omdat ek basies 'n elektries... oorspronklik aangelê is in die elektriese lyn toe kon ek nou nie, alhoewel ek betrokke was by die projek. Met van die beplanning en reël van die materiale, inspeksie van die materiale en so aan, was ek betrokke voor ek afgekom het, maar ek was eers op die eiland soos ek gesê het, Maart 2005. Maar ek was al voor die tyd van, ek dink dit is Augustus 2003 wat ek al beginne betrokke raak het al by die projek as sulks.

**V:** Beplanning en so?

**A:** By die beplanning, natuurlik. Want die materiaal wat op tender uitgegaan het, moet geïnspekteer word en sien of dit die regte goeters is. Was daarby betrokke gewees. Veral op die elektriese kant, maar my hoofde het nou nie goed gesien dat ek afkom daai tyd, nie omdat daar nie enige elektriese werk was om te doen op daai stadium nie, want dit was meestal die substruktuur wat op daai tyd nog... die "piling" wat gebeur het van die staalwerke wat nog nie in plek was nie, so eers toe die gebou opgerig was of begin opgerig word, het ek nou eers betrokke geraak hierso basies. Fisies op die eiland self.

**V:** OK, om toesig te gehou het en te kyk hoe die...

**A:** Ja, toesighouding op die elektriese kant in die begin en omtrent so 2007, toe was ek nou in dieselfde posisie wat ek nou is basies wat ek nou almal oorsien het en so aan.

**V:** Goed, ons is nou nog bietjie besig met die agtergrond.

**A:** Dis reg.

**V:** Ons sal nou weer daardie paadjie stap.

**A:** Rigting gaan, dis reg so.

**V:** Nou, hoe het dit... jy het gesê dit was die eerste keer in 1988 wat jy betrokke was?

**A:** Ja, dit was op 'n onderhouds. Ek dink dit was nie eintlik die normale onderhoudsperiode gewees nie. Dit was amper, ons noem dit 'n emergency trip of noodtrippie gewees. Daar was ietsie fout gewees op die eiland en toe het ek en 'n klein spannetjie van ons ,ek dink ons was net so, as ek nou reg onthou dink ek, 5 of 6 mense, wat vir daai periodetjie afgekom het om net die dingetjies reg te stel wat toe verkeerd was, ja.

**V:** OK, so dit was toe nou nie rêrig...

**A:** Dit was nie 'n lang...

**V:** Oorname of so iets?

**A:** Oorname of konstruksieperiode of so gewees nie.

**V:** Wat het jy geweet van die eilande en wat het jy geweet van Antarktika?

**A:** OK, ek moet sê selfs toe ek begin het by ons Departement ,ek het in 1981 begin by ons Departement, en...

**V:** Was dit toe nog Openbare Werke of het dit 'n ander naam gehad?

**A:** Dit was Openbare Werke gewees ja, Departement Openbare Werke gewees op daai stadium. Behuising het later bygekom en toe is dit weer weggevat en ja. Maar in elk geval, in 1982 was die eerste keer toe ek eiland toe gegaan het, was Antarktika toe, maar toe was ek nog 'n vakleerling gewees op daai stadium.

**V:** Was dit ook vir onderhoudswerk?

**A:** Ja toe vir onderhoudswerk en ons het nog op daai stadium 'n bietjie aangebou op SANAE III.

**V:** OK.

**A:** Ons het van die, kom ons sê, van die metaalstrukture het ons verleng. Ons het die "incline shaft" het ons daar gebou toe daai jare nog daaraan gewerk. 'n Ou is mos so 'Jack of all trades' want was jy nou, sê maar, elektries aangelê was daai tyd, help jy maar uit met enige staalwerke of houtwerke of verfwerke...

**V:** Wat ook al moet gebeur.

**A:** Wat ook al moet gebeur moet jy maar hand bysit ja. So ek het eers betrokke geraak by die eilande in 1982 sal ek sê en daarvandaan het ek taamlik gereeld gegaan veral SANAE toe, seker die meeste dat ek gegaan het SANAE toe. Hulle het later SANAE toegemaak, die E-basis afgebreek ,ek was betrokke by die bou van die E-basis daai tyd, maar later ook toe dit afgebreek was. Ek was nou nie by die afbreek self betrokke nie, maar die jaar voor dit was ek nog daar. Grunehogna, wat nog onderhoud daar gedoen, dit het ons ook later afgebreek. Nou staan daar basies net SANAE IV en hulle het nou weer 'n nuwe noodbasis gebou maar ek was nou nie betrokke daarby nie.

**V:** Was jy betrokke by die bou van SANAE IV?

**A:** Ja nee, van die begin af ja. Dit het in dink ek '94 begin en, ja, op daai tyd was ek meer elektries, die elektriese leier gewees en daar was ander mense wat in beheer was. Hennie Stassen was die projekbestuurder op daai tyd op daai projek en ons was basies maar net subleiers, elektries, meganies en so aan. Ek was toe die elektriese leier, maar het ook natuurlik daai tyd nog prakties en fisiese werk ook maar verrig weens die... elke mannekrag, elke outjie moet maar, moet sy deeltjie maar nou doen soort van, jy weet. So ja, ons was ook daar betrokke gewees van die begin af tot dit klaar was.

**V:** Hoe lank was dit?

**A:** Ek dink as ek reg onthou dit het omtrent '94 begin en ons het klaargemaak in... '98 was die "handover" maar dit was toe nie 100% klaar nie. Ek dink ons het omtrent eers klaargemaak seker in, ek dink dit was '99 of '99/2000 wat ons omtrent kan sê dat ons nou alles klaar gehad het. Al die fyner afrondings werkies en als so aan, ja.

**V:** OK.

**A:** Ja.

**V:** En wat is die moeilikste ding daaraan om op SANAE te bou?

**A:** Man, ek sal sê die struktuur daar was 'n bietjie makliker as wat ons hier ondervind het om die ene te bou. Die weersomstandighede was natuurlik 'n bietjie meer kras gewees natuurlik op SANAE maar dit was meer wit en swart. As daar 'n storm was kon jy glad nie werk nie en dan het die mense almal in die ou konstruksiebasis maar gebly. Moes maar so min as moontlik eet want jy kon nie eintlik uitgegaan het uit jou kamertjie uit nie so jy het maar... so jy kan tot 3 of 4 dae ,ek dink die langste wat ons vasgekeer was is 5 dae, en ons moes in "containers" gebly het. So as jy nie wil uitgegaan het in die koue omstandighede nie moes jy maar min eet en net maar jou watertjies drink. Daar was 'n plekkie om van dit ontslae te raak, maar jy kon nou nie... ons was maar beperk gewees. Daar was kos in elke hut en so aan, maar almal het maar min geëet sodat jy nie hoef 'n draai te geloop het nie, ja.

**V:** Dit is maar praktiese oorweging.

**A:** Yes, yes, yes. Maar ek sal sê die konstruksie was groter parte en natuurlik ons het krane en goed gehad – ek dink omtrent 4 krane gehad – wat ons kon gehelp het om die struktuur en goed op te rig wat natuurlik nie hier die geval was nie. Ons het natuurlik met die hand rondgedra of mannekrag maar nou en ek dink ons het 2005 die eerste keer het ons 'n kraan hier gekry toe ons nou die struktuur, die panele en goed moes begin oprig. Gelukkig toe was die kraan nou hier en dit het natuurlik ook baie tyd vir ons gespaar met die oprigting van die basis toe op daardie stadium, maar voor dit het ons alles maar met die hand 'n hele paar ton materiale rondgedra per hand elke dag, soort van, ja.

**V:** Dis maar woes.

**A:** En die terrein is nie altyd so lekker gewees nie ook nie en die weer, daar was nie dakke om onder te werk nie of sulke goed nie.

**V:** En vir die SANAE-basis, moes julle in die berg indril?

**A:** Ja, ja hulle het. Ons het 'n spesiale bore gehad wat hulle spesiaal vir ons ontwerp het en gemaak het. Die basis self het 'n... al die pale is basies wat van die basis geanker in die... op die rots.

**V:** Moes julle, moes dit alles...

**A:** Ons moes alles geboor het. Ja, toe ons in die vaste rots 'n sekere diepte geboor het en dan natuurlik die pale daarin gesit en daar was sulke... amper soos teer, wat ons daar moes ingegooi het.

**V:** Ja om seker te maak dat dit...

**A:** Om seker te maak hy sit nog vas en so aan, want water natuurlik, en ys, is maar 'n probleem. As daar water inkom kan hy die staaldrukking skeur en so aan, so ons moes verhoed het dat daar enige water verkieslik ook in dieselfde gat was as wat die paal was en natuurlik as daar nou ys was, dan was dit nou bietjie van 'n probleem want partykeer boor ons nou die gat mooi en dit raak mos nou warm en dan smelt die ysies en dan loop dit in en dan moet ons dit maar uitkap met hand en ja. Ons het baie naelpyne gehad.

**V:** Ja, ek kan dink want julle kan seker nie met die handskoene werk nie?

**A:** Ja kyk, baie van die werk kan jy met die handskoene doen. Die growwer werk, kan ek amper nou sê, maar veral op die elektriese kant en met die skroefies indraaiery en so dan is die "gloves" so bietjie ongemaklik en moet die ouens maar, ek weet nie, die handskoene afhaal, gou vasdraai, die handskoene terugsit en ja. Maar dit is maar deel van die proses gewees, ja.

**V:** Ja, skuus, ek praat nou merendeelsoor SANAE. Ek gaan nou weer oorskuif Marion toe.

**A:** Nee, dis reg, jy kan maar vragies vra.

**V:** So julle het hom dan toe nou, hoe het julle hom... in watter fases het julle hom gebou?

**A:** Ons het basies met, natuurlik ook maar met die fondasie gedeelte wat ook die raamwerk van die basis self is kan ek maar nou se. Toe het ons met blok A begin in daai jare, so ons het maar weer met een... terwyl ons een dop toegemaak het, het ons ook die res van die fondasie aangebou sodat 'n ou maar van die materiale en goeters nou daar kan, meer sensitiewe materiaal, binne die gebou kan stoor en so aan.

**V:** O ja, dit maak sin.

**A:** En later toe het ons nou, B blok was bietjie afgeskeep want dit was maar jou, behalwe jou kombuis was dit maar jou eetkamer, stoorplekkies en so aan en toe het ons gekonsentreer op die C blok wat nou jou tegniese blok is waar jou "generators" en jou kragopwekking en "sewerage" stelsels en al daai goedjies maar nou is en toe het ons maar daarop gekonsentreer om dit reg te kry basies en toe teruggekom met die binnewerke kan ek amper sê, van die dop en so aan om die beddens en die meubels en die trappies en al daai goedjies in te kry teen die einde waarvoor ons 'n spesiale vluggie gehad het. Ek was onder andere ook die spanleier van daai ene gewees. Waar ons afgevlieg het van - toe D.F. Malan, Kaapstad se lughawe - na SANAE toe met 'n vliegtuig om 'n maand voor die tyd daar te kom om die beddens en meubels en goeters in te sit sodat jy met die oorname, die mense daar kan bly en so aan, ja.

**V:** Oraait

**A:** En daarso was, ons het een mannetjie amper verloor op daai vliegery. Jy weet, jy het seker al daarvan gehoor van Eric Williams?

**A:** Ons het gevlieg na Blue One toe. Dis daar naby die Russiese basis op die... op daai gletser daarso en toe moes ons die vliegtuig met die handpompie die hele Vlossie vol petrol pomp. Tydjie gevat, so paar ure, die hele span so afgelos dat almal maar...

**V:** Ja wat dis eintlik maar vervelige werk.

**A:** Ja, ja, maar ook nie dit. Ons het dit gedoen en toe moes ons daarvandaan eintlik verder vlieg met 'n klein Ottertjie. Dis so twee enjin-Ottertjie van Blue One af na SANAE toe, maar toe het die weer ingekom. Ons het 'n slegte storm gehad en vir 'n hele paar dae – ek dink drie dae, as ek reg onthou. En die eerste aand het die, toe ons almal - eerste keer wat ons almal daar kom, dit was heeltemal nuut vir ons gewees, het ons so 2 man-tentjie gekry en 'n matrassie en natuurlik ons "mummy" slaapsakkies waar ons moes in geslaap het. Elkeen moes nou maar sy tentjie opslaan en ons het dit maar so rond en bont gedoen. Daar moes eintlik meer beter beplanning in nagedagte moes ons maar van geweet het.

**V:** Wag, waar is dit nou?

**A:** Dis nou by Blue One op daai gletser.

**V:** O gaats.

**A:** Ja, en dis maar moeilik om pennetjies daar in te slaan. Dis baie hard, maar in elk geval die outjies het daar hul tentjies opgeslaan maar soos ek sê daar was nou nie 'n sekere rigting nie. Ons het ook nie die area geken daai tyd nie en ek voel die Noorweërs kon ons meer raad gegee het. Ek het maar na die tyd maar navrae gedoen en meer uitgevind. In elk geval, en toe het ons die storm gehad en van die tentjies het ingeval en toe het die twee mense in 'n tentjie geslaap. Daar was 'n kombuistent en daar was ook ,kom ons noem dit, 'n badkamertent ook gewees. En soos die sneeu opgebou het en die tentjies ingeval het, het baie van die mense nou na die kombuistent toe gegaan en onder andere het een van die kollegas, hy het blykbaar na die toilet of die badkamertent toe gegaan en in daai fase het hy verlore geraak.

**V:** O gits.

**A:** En toe het ons hom eers veertien ure daarna gekry. Gelukkig het hy nog gelewe, maar dit het 'n... ons het omtrent seker ,ek wil nie vir jou jok nie, ek dink omtrent nege ure na hy weg was het ons eers agtergekom hy is weg, toe die meeste van die mense nou in die tent was en navrae gedoen en toe het ons ondersoek gaan instel by die tente en daar was een of twee mense wat in tente geslaap het. Hulle kombuis toe gejaag en gesê almal moet daar bymekaar kom, maar Eric was toe weg gewees. Natuurlik navraag van wie het hom laaste gesien wanneer en so aan en so aan en toe was daar 'n spannetjie gewees. Ek moes maar die mense gevra het om... hulle stel hul eie lewe in gevaar om in die storm uit te gaan.

**V:** Natuurlik ja.

**A:** Om te "volunteer" om saam my te gaan om die ou te gaan soek en ek dink op daardie stadium het ek 'n hele paar ouens gekry, so 8 of 9 mense, en ons was omtrent seker vir so drie of vier ure buite gewees. Van die mense het teruggekom intussentyd, natuurlik, wat nou nie langer kon buite bly nie, maar ons het hom gelukkig gekry toe.

**V:** Was hy baie ver gewees?

**A:** Nee, hy was omtrent seker so tussen 300 of 400 meter net van die basis af gewees maar ons het omtrent seker op daai stadium 900 meter tou gehad al, van hierdie bergklimtou wat ons aanmekaargelas het wat ons maar in 'n sirkel geloop jy weet en dan 'n stukkie tou aangelas en nog 'n sirkel geloop om te kyk of ons die man kan vind maar ons het oor hom geloop want - 'n paar keer natuurlik - maar jy kan net omtrent so, op daai stadium seker net so meter voor jou gesien het en gelukkig het een van die ouens wat - partykeer hak die tou nou agter vas - van die ouens wat op en af teen die tou beweeg het, het toe die man raakgeloop waar hy gelê het.

**V:** Letterlik.

**A:** Ja. So dit was vir ons 'n bestiering gewees dat ons hom in die hande gekry het. Hy het natuurlik "hypothermia" gehad en die outjies wat natuurlik nou nie gaan uithelp het om vir hom te gaan soek nie, het toe vir hom nou gesorg terwyl hy nou teruggekom het. Hom warm gehou. Hy kon niks eet of drink op daai stadium natuurlik en so aan nie, maar hy het so oor 'n dag of so het hy reggekom toe weer toe kon hy ietsie eet en drink en so aan en ek het toe die dokters met die satellietfoon in die hande gekry by SANAE en gevra wat maak 'n mens nou in so opsig en hulle het my raad gegee. Ons het dit maar toegepas en gelukkig het die ou toe deurgetrek en hy is nog vandag saam met ons.

**V:** Joe, gits.

**A:** Maar dit was nogal...

**V:** Woes.

**A:** Ja, en my 'n paar grys hare gegee sal ek sê daai tyd en al was daar ,ek dink ons was, 20 mans. Ek dink almal het gehuil toe ons nou die ou kry natuurlik.

**V:** Ja, van verligting. Ek kan dit goed glo.

**A:** Maar ons het gedink dit sal nie gebeur nie, maar ok of in elk geval nie lewendig nie, maar in elk geval.

**V:** Nou, toe julle nou die basis gebou het. Hoe ver is SANAE IV van SANAE III af?

**A:** SANAE IV van SANAE III af? Omtrent ,nou moet ek mooi dink,, ek dink dis omtrent so 130 plus minus - ek sal moet vir jou gaan kyk in die boeke daarso, want op daai stadium was die E-base omtrent 16 km van die bukta af en dan dit omtrent nog 'n ,nie ver nie, 800 meter of so was die nuwe basis gewees of SANAE III-basis daai tyd. En natuurlik daarvan af was dit 'n hele end tot by Vesleskarvet omtrent van die bukta af was 150 maar die wal breek nou af so ek weet nou nie meer presies waar ons nou lê nie. Maar kom ons sê so gemiddeld 150/130 van die wal af, ja.

**V:** Het julle, toe julle nou aan die basis gewerk het, waar het julle gebly?

**A:** In die nuwe - SANAE IV?

**V:** Ja.

**A:** Ons het 'n konstruksiebasis gehad. Basis wat bestaan het uit yskas containers wat op 'n stellasie opgerig was met toiletgeriewe. As mens nou sê toiletgeriewe was dit nou swart sakkie-geriewe - daarso vries alles gelukkig so die swart sakkie het jy in 'n drom gaan gooi na die tyd en so aan. Kombuisie gehad, storte gehad en natuurlik sy eie "generator" wat ons eie krag opgewek het en natuurlik ook 'n sneeusmelter om ons water te maak.

**V:** En dit was dan natuurlik baie naby aan SANAE IV gewees?

**A:** Ja nee, dit was omtrent ook so 800 meter weg van die site daarvoor, van die plek waar ons die basis gebou het, ja.

**V:** Nou wat is die moeilikste ding gewees om onder daai omstandighede te werk by Antarktika nou?

**A:** Antarktika, natuurlik ons wat van Suid Afrika af kom is nie gewoond aan die koue en so aan nie. Die moeilikste was natuurlik om gewoond geraak aan... ons is 'n klomp mense bymekaar. Ons het nogal groot spanne gehad.

**V:** Hoe groot is die spanne omtrent?

**A:** Man, so gemiddeld so 80 mense, tussen 65 en 85 omtrent. Dit was die grootte van die spanne gewees daai tyd. Ek wens ons kon vandag nog hê, dan het die plek seker ook nou bietjie vinniger klaargekom. Maar ons het daai tyd meer mense gehad wat vir ons Departement gewerk het en natuurlik om met die nuwe mense - elkeen het maar sy eie dingetjies - klaar te kom. En natuurlik die lang ure was maar 'n probleem, in die omstandighede wat jy moet werk in die koue en so aan. Veral in die begin. Laterhand toe ons begin binne werk doen was dit natuurlik meer plesierig maar ja ek sal sê dit was omtrent die moeilikste gewees, ja. Daar was baie mooigeit ook darem tussen dit alles.

**V:** Soos wat?

**A:** So, ja, sleg nie ja.

**V:** So maar wat is lekker daaraan om daar te werk?

**A:** Natuurlik die skoonheid van die plek, natuurlik. 'n Ou is maar beïndruk as jy daar kom, alles wat so mooi skoon is, die varsheid van die lug, die stilte en goeters daarso. Dit al die hetsy eie mooiheid kan ek amper sê en natuurlik die son wat 24 uur 'n dag skyn in die somermaande, dis wanneer ons af gegaan het basies. Ons het gewoonlik gewerk van vroeg Desember af tot so plus minus Maart/Aprilmaand.

**V:** So het die skip twee keer gegaan of het hy daar gebly?

**A:** Nee, op daai stadium het hy teruggekom Suid Afrika toe en dan weer vir ons kom haal. Ja, sien dis soos met oornames wat hulle nou navorsing doen en dan kom haal ons net nou weer nie. Hulle het daai jare teruggekom en ons weer kom haal teen die einde, ja.

**V:** OK.

**A:** Ja.

**V:** En het julle baie interaksie gehad met die spanne? Die jaarspanne wat gebly het?

**A:** Omdat ons natuurlik... ons was bietjie geskei van hulle want ons was nou by die nuwe basis en hulle was nog by die ou basis wat natuurlik 'n hele ent weg was, maar met die deurgangsperiode as ons daar aangekom het, het natuurlik ons 'n bietjie kontak met hulle gehad en natuurlik hulle was ook nuuskierig om dan nou en dan te kyk hoe vorder ons daar op die anderkant so dan het van hulle dan so vir 'n paar van ons kom kuier. Maar ons het nie, ja ons het nie baie kontak met hulle gehad, met hulle toe ons konstruksie werk gedoen het nie, alhoewel ons het ook nog maar daai tyd 'n bietjie tyd afgestaan of 'n paar mense afgestaan om 'n bietjie onderhoudswerk te doen op die ou basis, SANAE III. En natuurlik die mense wat daar betrokke was het natuurlik dan meer interaksie met die, met die ou jaarspan en nuwe jaarspan gehad, ja. Maar hulle het maar baie soos molle gelewe in daai jare, ja. Hulle kom net somermaande uit, behalwe die ouens, behalwe die weermannetjie. Hy was... hy moes maar elke dag seker maar in die koue in en ja hy was nou nie so bevoorreg nie. Maar die res van die mense het nie juis baie uitgegaan nie.

**V:** Ai.

**A:** Ja.

**V:** Hoe was julle kommunikasie met Suid Afrika?

**A:** Aan die begin?

**V:** Mmm ,dui aan 'ja',.

**A:** In die vroeë tagtigs, toe het ons nog teleks gehad.

**V:** O. OK.

**A:** Dis so geel bandjie met sulke gaatjies wat gedruk word en ek dink ons was beperk gewees 50 woorde 'n week op daai stadium, want die arme man moes... ons was 'n klomp mense, jy kan “imagine” 80 mense maal 50 plus die jaarspan-mense en van die wetenskaplikes wat ook nog afgekom het en so aan, want ons het met twee skepe afgekom in daai tyd so dit was baie meer mense gewees. Dit was die Federov en dan natuurlik ,is dit Federov? Ja, en dan die Agulhas II wat die materiale gebring het en so aan. So ons was beperk gewees met ons kommunikasie. Daar was radiokommunikasie, maar net van die ou basis af, nie by die nuwe basis af nie. By die nuwe basis kon ons... ons het ge"relay" basies na die ou basis toe en van die ou basis af is nou na Cape Town Radio, soontoe gevat en aan die mense klink soos Donald Duck, of wel, mens weet nie wie praat eintlik nie want almal klink maar dieselfde. Jy kan hoor dis óf 'n vrou of 'n man miskien, maar daar was darem kommunikasie gewees. Nie so lekker soos nou nie, maar ja.

**V:** Dit het natuurlik verbeter soos wat julle begin het in '94, ja.

**A:** Dis reg ja.

**V:** OK. Goed ek gaan na bietjie oorskuif na Marion.

**A:** Dis reg.

**V:** Toe julle nou, jy was in die tagtigs op Marion gewees en toe julle nou weer kom in die 2000's...

**A:** Het ek 2005 nou weer die eerste keer gekom, ja.

**V:** En jy sien toe nou weer die eiland, wat was jou reaksie gewees?

**A:** Man ek wil sê my eerste reaksie was dit het gelyk of daar minder sneeu op daai berge was, ek moet sê. Dis een van die opmerkings gewees. Ek is seker daar was baie meer robbe gewees as wat ek toe daai tyd hier was. Ek moet ook sê daai tyd ek kon nie so baie rondloop nie, ons was maar beperkte tydjie gewees en was maar...

**V:** Klein spannetjie, ja.

**A:** Ja, en in die basis gewees en nie kans gehad om uit te gaan nie, om die werk klaar te kry en so aan en ek was miskien maar net tot by Boulder Beach gewees op daai stadium. Maar dit was die algemene indruk gewees dat dit lyk of daar minder sneeu hier is en natuurlik meer robbe. Dit het ek opgemerk. Minder pikkewyne sal ek sê ook veral hier by Boulder Beach wat daar baie was daardie tyd toe ons hier aangekom het. Ja ek sal sê dit was die eerste groot opmerkings wat ek gekry het en natuurlik die ou basis was nog maar nog basies dieselfde en hier was natuurlik al 'n paar paaltjies al hier ingeslaan gewees al vir die "piling" wat gedoen was en so aan en die, van die substruktuur was soort van klaar. Ons het natuurlik toe begin met die geboue, met die opsit van die geboue.

**V:** OK nou wat presies het die bou van die Marion-basis behels, want dis nou natuurlik heeltemal 'n ander terrein?

**A:** Yes OK, natuurlik die bou van die, van hierdie... oorspronklik sou hierdie basis in modules gebou gewees het.

**V:** OK.

**A:** En die tydperk waaroor dit sou gebou gewees het was baie korter gewees – ek dink dit was twee of drie jaar en... – maar iewers langs die pad het van die mense besluit, wel daar is 'n paar faktore bygedra dat 'n ou besluit moes verander het en dit is, een van hulle was, die modules kon nie op die Agulhas pas nie of in die "hulls" inpas nie en dit was een van die groot besluite. Die ander ding was natuurlik daai tyd het ons nie so groot helikopters gehad nie en hulle sou nie die modules kon oorvlieg van die skip af ook na die land toe nie.

**V:** OK.

**A:** So dit was die twee groot bydraende faktore dat hulle nou besluit het teen die modules wat baie lekker sou gewees het en die proses baie vinniger sou gemaak het. Dat ons besluit het op die megastruktuur wat ons basies nou gebou het is nou...

**V:** Panele wat 'n mens dan...

**A:** Panele, kleiner stukkies staal en al sulke goedjies wat bymekaar moet gesit word, natuurlik baie meer arbeidsintensief was en 'n langer proses was natuurlik om bymekaar te sit en so aan. So dit sal die groot verskil wees oor die oorspronklike besluit en die besluit wat nou geneem is.

**V:** Hoe dit toe nou uitgedraai het.

**A:** Hoe dit nou uitgedraai het, maar teen die einde. Natuurlik hierdie struktuur is nou nie soos by ons by die huis wat van baksteen en beton en so aan is nie. Dis heel uniek in sy eie manier, waar ons nou staal en glasvesel gebruik. Die probleem natuurlik wat 'n ou moet oorkom is maar die seëlwerk.

**V:** Waterdig?

**A:** Waterdig te maak vir die swaar of die...

**V:** Swaar weersomstandighede?

**A:** Swaar weersomstandighede van die sneeu en die wind en die warmte en die koue en al sulke goedjies te akkommodeer.

**V:** En die muise ook?

**A:** Die muise ja, die muise... ons moet nog, ons moet van hulle ontslae raak. Nog nie daar nie.

**V:** Plan maak, ja.

**A:** Ja nee, dis hy.

**V:** Doodreg. So julle het hom maar selfde as SANAE van onder af opgebou?

**A:** Ja, ons het maar begin by die fondasie natuurlik en dan toe het ons ook maar nou begin by die... ons het basies begin by die "recreation" centre omdat dit 'n enkelverdieping was, net om die gevoel te kry om die ding bymekaar te sit en toe het ons begin by die bo-lug hier onder, vir die deursmense en terwyl ons die tegniese blok gebou het, het ons ook hierdie... die "science", die wetenskaplike blok gebou ja.

**V:** Die kantore en die laboratoriums gebou?

**A:** Laboratoriums en die kantore gebou, ja. So hulle het basies maar saam begin. Die laaste geboutjie was maar die akkommodasie en dan die "living" sentrum, die eetkamer en ontspannings area en so aan ja, hy het laaste opgegaan, ja.

**V:** Doodreg ja, ek weet julle was nog November laas jaar besig om die glas vir die braaikamer in te sit.

**A:** Ja nee, hy was afgeskeep tot heel laaste. Hy was nie so essensieel gewees nie, maar ons het... Hy's nog nie honderd persent klaar nie maar hy is... ons is amper daar. Ons het nou weer 'n paar vensters gekry, waarvan 'n hele paar gekraak is met die vervoerslag maar ons hoop maar daar is een of twee wat ons kan insit darem nog as die weer ons toelaat ja.

**V:** So nou wat is die uitdagings daaraan verbonde om hier te moet werk?

**A:** Man die uitdagings hier was, ook nou van my oogpunt af gesien as leier en so aan. Hier, die grootste uitdaging, ek sal sê, is om die mense gemotiveerd te hou. Van my kant af nou en natuurlik dat die mense hulle werkies elke dag verrig en nie negatief raak of so nie. Dat ons altyd 'n positiewe bydrae elke dag kan doen en natuurlik by ons skedule moet bly van werk verrigting en so aan.

**V:** Nou hoe hou jy die mense gemotiveerd?

**A:** Man dit is 'n baie fyn lyn, die werk veral in die begin was harde werk en dis slegte weer en so aan.

**V:** Ja dis moeilik en fisiese werk, né?

**A:** Ja natuurlik, die motivering van die mense is natuurlik om... Meeste van hulle kom maar hierso vir die ekstra sentjie, nie dat ons baie betaal word nie, maar vir die ekstra sentjie, so 'n ou gebruik dit maar as 'n ietsie wat hulle in gedagte moet hou en natuurlik dan moet ons maar nou en dan vir hulle af tydjies gee as mens sien die spannetjie raak 'n bietjie moeg en so aan. Dan het ons maar vir hulle iets gereël jy weet 'n braaitjie gereël of 'n... dat hulle bietjie kan ontspan en so vir 'n aand of so en dan kan ons weer die volgende dag in val en so aan. Of 'n miskien 'n uitstappie dat hulle bietjie die eiland kan sien en weer terugkom en nuwe motivering en so aan. So dit was maar die klein goedjies wat ons kon gebruik het, ons het nie baie groot ,hoe kan ek sê, wortels gehad wat ons voor hulle kon geswaai het nie, maar so dit was 'n baie fyn lyn maar ons het baie, baie van die mense van ons eie werk, want dan ken ons hulle ook persoonlik en natuurlik sodat, gelukkig kon ons ook die mense kies dat ons die mense ken wat die regte karakter eienskappe het en so aan, om in die omstandighede aan te pas en wat al voorheen miskien op eilande was en so aan. Natuurlik, ons moes gewoonlik nuwe mense inbring, maar hulle was darem die gros van die mense of die kern van die mense gewees, ja. Dis wat ek sal sê omtrent - natuurlik die weer is 'n groot uitdaging veral vir ons om die program klaar te kry en so baie keer moes die manne maar die reënbaadjies gebruik en die winter weer maar werk.

**V:** Maar vasbyt.

**A:** Ja maar vasbyt, ja.

**V:** Nou om bietjie terug te staan, watse tipe voorbereidings moes julle tref?

**A:** Voor ons begin het of enige tyd?

**V:** Ja wel voor julle begin het maar ook vir die verskillende fases.

**A:** Ja ek dink dit is maar almal basies dieselfde en natuurlik jy moet, omdat 'n ou ver weg van die huis af is, moet 'n ou maar 'n ou se beplanning baie goed doen voor die tyd en dit is een van die... Al spandeer ons miskien 'n bietjie baie tyd daaraan, maar dis nogal baie belangrik om die regte materiale te kry en te kyk of die materiale reg is, of alles verpak is. Want as jy hier aankom en dit is nie hier nie, dan is dit nie hier nie en dan is dit nie hier nie en dan kan jy nie daai werk verrig nie of as dit verkeerd is dan kan jy dit nie installeer nie. Wat wel nou en dan plaasgevind het waaroor ons nie direkte...

**V:** Beheer het nie?

**A:** Beheer gehad het nie, wat ander mense verantwoordelik was vir sekere materiale en so aan en toe dit nou hier aangekom het, was dit miskien nou nie, kon ons dit nie installeer nie of ons moes veranderinge maak op die bestaande staalwerke of panele of so aan om dit te maak pas. Dit is maar deel van eilandwerk: 'n ou moet maar altyd 'n plan maak. Ja, so jou beplanning moet baie goed wees dink ekvoor jy af kom en dan natuurlik al jou goedjies in plek te kry vir die vervoer daarvan, die tenders en goed uit te kry op tyd, die kwotasies in te kry op tyd sodat jy die materiaal kan op tyd kry en natuurlik verpak word en dit moet deur doeane goed gekeur word voor ons kan laai op die skip en al daai goedjies. So daar is definitiewe faktore en natuurlik die afsny datum is die dag wat die skip vertrek en wat nie voor dit gebeur het nie, sal nie gebeur nie en wat jy kon voor die tyd gereël het obviously kan jy daarmee planne maak om verder jou ding te doen as jy op die eiland is.

**V:** En was dit maar min of meer dieselfde met SANAE ook?

**A:** Ja SANAE heeltemal dieselfde. Ek voel net SANAE omdat daar nie so baie... Daar was nie so baie komponente soos wat ons hier gebruik het nie en natuurlik by SANAE was daar onbeperkte pakplek wat sy eie probleme ook het, want ons het die goed opmekaar gestapel en dan sneeu dit toe, ja. En dan weet jy nie presies waar dit... maar ons het merkerpale. Ons het metodes gehad en dan natuurlik was alles, daar was 'n plannetjie gewees presies waar elke krat staan en so aan. Maar nogtans altyd 'n groot werk by SANAE ook om die krat te kry. Maar ons, maar daar was nie 'n beperking van spasie gewees nie. Hierso by ons, mens moet dan in gedagte hou, ons het maar sê maar soos die "science" blok het ons al die materiale probeer in die omgewing aflaai so na as moontlik aan die basis. Want daar is ook omgewingsimpak hier gewees, meer as wat by SANAE was, van die plante en dierelewe en al sulke goedjies. So ons moes dit in ag hou en... maar die probleem was al die kratte is toe en staan in die wind en reën en goeters hier buite. As jy oopmaak moet jy weer toemaak of as jy goed uithaal moet dit in 'n plek kom waar dit onderdak kan gestoor word of iets van die aard en dit was ons grootste probleem gewees eintlik, om die materiaal te probeer beskerm en so na as moontlik aan die basis omdat dit gedra moet word en so aan. Ons het probleme gehad met die paklyste en dan sê hulle daar is 'n sekere item in daardie krat en dan kan dit in enige ander krat wees byvoorbeeld.

**V:** O, as dit nie nou daar is nie dan weet julle nie waar dit is nie?

**A:** Dan weet jy nie waar dit is nie, ja. Soos die kratte minder raak het, het die probleem ook minder geraak.

**V:** Maak sin.

**A:** So ons het baie opdraandjies gehad soos daai maar ag dit vat 'n bietjie van 'n ou se tyd weg ongelukkig, maar ons het nie 'n keuse gehad nie. Dit moes maar net gedoen word ja.

**V:** Natuurlik nou wat het dit lekker gemaak om hier te werk?

**A:** Lekker gemaak? OK gelukkig. Ek weet nie. Dis nou dalk 'n persoonlike ding van my kant af: ek hou van eilandwerk. Interessante mense altyd wat jy onder jou het of wat jy self weer wil ontmoet en so aan met natuurlik verskeie loopbane, ander loopbane wetenskaplik of minder wetenskaplik en ek dink die sereniteit van die eilande is vir my ook baie mooi. Die natuurlewe veral hier by Marion. Dis lekker as 'n ou bietjie gevreet raak dan kan jy net so bietjie 'n paar honderd meter diekant of daaikant toe stap en 'n paar pikkewyntjies gaan kyk en dan voel jy weer reg en dan kom jy weer terug. So ek hou van die natuurlewe natuurlik dis vir my 'n groot trekpleister en ek, jy sien natuurlik unieke voëls en goeters hier wat jy nie op ander plekke gaan sien nie. Ja, so ek dink Gough en SANAE en Marion het maar hul eie unieke dingetjies om te doen en te sien en ek hou nogal van die eiland, wil nie sê lewe nie, maar van die "challenges" wat 'n ou het hierso soort van, ja.

**V:** Het jy baie geleentheid gehad om te gaan stap?

**A:** Man ek kry nie so baie soos wat ek graag wil hê nie. Ek moet maar self nou en dan 'n tydjie afknyp en werk in so paar uurtjies etenstye en dan probeer ek maar gou so twee/drie ure wegglip nou en dan om 'n foto'tjie te vat en te wys ek was darem hier. Maar ek hou daarvan om te stap maar ek kry nie altyd.. Mens kry nie altyd die geleentheid nie, natuurlik. 'n Ou se verpligting is maar hierso op site en die mense het jou heeltyd nodig, of inligting nodig wat 'n ou moet verskaf en so aan en dan kan jy nou nie weg wees nie anderse gaan dinge stil staan tot tyd en wyl ek nou terugkom of wat ook al. So ek probeer maar dinge eers in plek kry as ek dan nou so stappie gaan vat. Ek het nog nooit te ver van die basis af gestap nie, so twee ure of so dis seker maar die verste wat ek kan gaan.

**V:** Julle is ook verantwoordelik vir die "hut restocking"?

**A:** Nie vir die "hut restocking" nie maar ons is verantwoordelik vir die gebou van die hutte.

**V:** Vir die onderhoud.

**A:** En die onderhoud ja, die bou van die hutte maar ook die onderhoud van die hutte maar ook van hierdie periode nou wat plaasgevind het.

**V:** O, so julle is ook betrokke by die vervanging van die ou hutte?

**A:** Ja van die ou hutte, ja. Ons het die ou hutte weggeneem nou so twee jaar terug, drie jaar terug en natuurlik nou die nuwe fondasies wat ook maar gepaal is met die hammer, daar was nou nie hierdie "pole drivers" gehad wat ons hier gebruik het nie. Toe het ons maar met die hand en die hamer gedoen en die fondasie of die substruktuur daar ingesit en natuurlik die hut het ons oorgevlieg en dan net bo-op basies vasgemaak, die "pantry" en dan die slaapkwartiere in geslaap het, ja.

**V:** So darem toe 'n geleentheid om bietjie meer van die eiland te sien in die lug met die helikopter?

**A:** Yes. Ons kan natuurlik nie soontoe stap nie. Meeste van ons ouens het maar gevlieg na punt A en B wat miskien nou vinniger is, maar ek dink jy mis nogal uit op die kleiner diertjies langs die pad, ja. Maar natuurlik omdat ons tyd maar bietjie beperk is kan ons nou nie verwag... ja en ons weet nou nie hoe fiks almal is en so aan nie en dan is die ou klaar moeg as hy daar aankom voor hy nog beginne werk seker nou. Hulle is nou nie gewoond aan daai tipe ding nie, ja.

**V:** Self dan werk hulle hulself weer moeg. Janee, dit is so.

**A:** Dis hy.

**V:** Nou die ou basis en die nuwe basis is natuurlik baie naby aan mekaar. Het julle ooit in die ou basis gebly terwyl die konstruksie met die nuwe basis aan die gang was?

**A:** Ja heeltemal reg.

**V:** Het julle baie interaksie gehad met die spanne?

**A:** Ja baie, nogal baie. Ek sal sê ons het seker meer invloed gehad op hulle as wat hulle op ons gehad het, want natuurlik hulle is gewoond gewees om altyd reg deur die jaar alleen hier te bly en met die toe ons met konstruksie begin het, natuurlik, het ons aan die begin sê maar so drie maande aan en drie maande af en so aan het ons hier gekom en gegaan en dit het natuurlik vir hulle so bietjie ontwrig.

**V:** Ja.

**A:** Teen wat hulle gewoond was aan die begin en later het ons reg deur die jaar gewerk hierso so die arme jaarspan het glad nie amper hoe ons noem hulle eie vrye tyd gehad of so nie. Hulle moes maar saam met ons basies lewe in dieselfde basis. Natuurlik van die takies en goeters maar gedeel om skoon te maak en so aan in die basis. Gedurende die dag was ons natuurlik nooit daar nie behalwe vir die etenstye.

**V:** Ja natuurlik.

**A:** En as ons gaan slaap, maar deur die dag was ons onder hul voete uit maar natuurlik saans en so aan, dit is, partykeer was daar so bietjie onderonsie van die mense moet gaan slaap en ons mense het nou-net daar aangekom en hulle wil nou bietjie...

**V:** Bietjie ontspan.

**A:** Ontspan vir ja, ons kom tienuur daar aan en of elfuur en wil darem so uurtjie ontspan en die ander mense wil slaap, maar ek dink dit het later hulle self uitsorteer en daar was toe nou 'n soort van "happy medium" gewees tussen almal, ja.

**V:** Nee, goed so.

**A:** Maar ons het in die basis gebly ja, ou basis, en daarvandaan gewerk. Hier was, en toe die ,ek dink dit was omtrent in 2008, dink ek het ons die eerste keer in die basis geslaap.

**V:** OK.

**A:** Toe het ons... want natuurlik met oornames en so aan dan kom baie van die wetenskaplikes af en so aan en as ons nou daarso is met 'n groterige spannetjie dan kan niemand hier kom nie. So om hulle te akkommodeer het ons maar net 'n matrassie hier neergesit en maar geslaap. Ook nog nie verhitting gehad nie, ons het maar 'n “heatertjie” net daar in die kamer gesit en so aan, maar dit is, die mense was heel gelukkig en dit was lekker naby aan die werk gewees en so aan en natuurlik uit al die ander mense se hare uit en so aan so dit het gehelp in daardie opsig, ja.

**V:** Hoe was die interaksie met die span?

**A:** Van hulle was goed moet ek sê, baie nice, baie akkommoderend. Van die ander spanne miskien nie altyd so akkommoderend nie en dan, daar’s 'n bietjie miskien konflik nou en dan gewees maar ek moet sê, ek sal sê, helfte van die kere wat ons hier was, was die span baie akkommoderend gewees ja. Jy weet, uit die pad uit gegaan om ons welkom te laat voel en deel van alles te laat voel en so aan. Maar dit was die eerste twee kere miskien en daarna was daar – ek dink ons het meer op hulle spasie inbreuk gemaak miskien – wat 'n bietjie van 'n negatiwiteit veroorsaak het en ek dink hulle het ook baie kere die verkeerde persepsie gehad van die werkers wat die werk moet doen en so aan en dan miskien meer teen die einde van die oorname of tydperk wat ons hier was natuurlik agtergekom dis darem nie so erg soos wat die mense sê nie, jy weet? Ja, ja.

**V:** En nou is daar enige insidente oor die – hetsy positief of negatief – waaraan jy nou kan terugdink of waarvan jy my kan vertel? Met die bouery vandat julle nou begin het met Marion?

**A:** Ten opsigte van?

**V:** Enige opsig. Enigiets. Ongelukke dalk of slegte ervaringe met van die ouens wat dalk bietjie onmin gesaai het...

**A:** Man ja, daar was bietjie van beide. Ek wil nou nie te veel negatiwiteit hê nie.

**V:** Ja nee, nee.

**A:** Ek meen as jy dink aan die getalle mense wat hier was, was daar so twee of drie gevalletjies gewees seker nou wat maar nou nie so plesierig was of wat 'n man nie seker liefster nie wou gehad het nie. Een van die gevalle was as ons nou praat van mense wat miskien seergekry het of so, gelukkig het ons nie enige ernstige beserings gehad in al die tyd wat ons hier gewerk het nie.

**V:** Dis goed.

**A:** Waarvoor ons baie dankbaar kan wees. Daar was 'n noue ontkoming een keer gewees waar ons hierdie groot dakpanele opgesit het op die tegniese blok hieronder. En toe het hier skielik 'n rukwind opgekom terwyl ons met die kraan besig was en dié het een van die outjies op die dak wat help om die paneel in te sit op sy plek, het dit natuurlik hom gevang en geskep natuurlik en van die dak af opgelig maar gelukkig het hy al sy veiligheidstoerusting, jy weet, sy skoentjies en helmets en al die goedjies aangehad en het hy net met 'n paar seer spiere en kneusplekke en so aan gelukkig darem nou daar weggestap. So dis een dingetjie wat ons baie gelukkig was. Ander ongevalle was natuurlik, mens kan nie altyd... ons gaan nie vir sielkundige ,hoe kan mens sê, toetse en sulke dinge natuurlik nie so ek en 'n paar van ons kollegas – onder andere Giel en Michael ,Murphy, – ons het basies die onderhoude gevoer met die mense en Marie Bester vrae gevra wat ons kon om te bepaal watter tipe mense hulle is en so aan. So ons... daar was een of twee mense wat nou deurgeglip het wat ons nou nie agtergekom het op die onderhoude dat daar dalk moontlik vorentoe probleme sou wees nie.

**V:** Natuurlik, ja.

**A:** Maar dit was nie soveel, ek sal sê, probleme met die werk as sulks nie. Dit was meer...

**V:** Met hulle interaksie met mekaar?

**A:** Interaksie na-ure miskien met ander mense en so aan. Daar’s gevalle waar daar miskien goedjies verdwyn het en so aan van die jaarspan en so aan waar 'n persoon betrokke was. Natuurlik, ons het teen hulle opgetree en natuurlik die ander saak is hul kan nooit weer eiland toe kom nie. So dit is een van die dinge wat die mense basies ook in toom hou dat hulle nie oor die lyn trap so gou nie, want dis basis 'n ander geleentheid om ekstra geldjies te maak as hulle die geleentheid kry en as hulle natuurlik nou oor die tou trap dan kan hulle nie weer kom nie. Ja dis maar ongelukkig so, ja. So daar was een of twee sulke gevalle gewees ja.

**V:** En watter lekker of positiewe stories kan jy aan dink?

**A:** Ag positiewe dinge, ag natuurlik daar's... met die tydjies wat ons wel af is nou en so aan, gewoonlik nou met oornames en so aan, dis mos nou 'n spanbou-daggie wat hulle sport almal speel. Dit is nou ons ingesluit en die jaarspan en so almal, wetenskaplikes as hulle nou hier is en so aan. Dans daar gewoonlik "nice" tye. Ons speel lekker "darts" saam en "pool" en al die verrigtinge verloop gewoonlik baie vlot en almal dans en gaan tekere so bietjie na die tyd en so aan en laat die hare so bietjie hang. So dit is lekker dingetjies seker om te onthou, alhoewel dit nou nie baie gebeur het nie. Maar die enkele kere, miskien met 'n man se verjaarsdag en so aan, dan het die ouens bietjie ontspan en ook die hare laat hang en so aan en so bietjie afgegee het en so aan. Natuurlik die ander lekker ding as 'n ou nou geleentheid kry natuurlik om bietjie te gaan stap en die eiland te verken, selfde met die manne. Ons gee vir hulle gewoonlik so een daggie darem om nie te ver natuurlik nie – off-ships of tripod of iets, maar of juniors miskien bietjie te gaan stap en ook maar 'n paar foto's te vat. Hulle geniet dit natuurlik maar baie. So ja, ek dink dit is baie nice dingetjies wat gebeur het en natuurlik daar is interessante dinge wat gebeur het soos mense wat mekaar bangmaak en sulke dingetjies vir wat in spoke glo en al daai dinge van ou Hans en so aan. Jy het seker van hom gehoor al?

**V:** Ja.

**A:** Wat ouens mekaar nou bietjie strepe trek en so aan.

**V:** O, is dit?

**A:** Ja, wat partykeer ook nogal in 'n grappigerwyse nou, alhoewel die man natuurlik groot skrik kry, en agterna daaroor kan lag en so aan, jy weet?

**V:** Maar 'n tergery en so aan.

**A:** Ja, dis maar 'n tergery. Dit het nogal baie plaasgevind ook. Wat die ouens se moraal 'n bietjie opgebou het en opgehou het.

**V:** Ja, want dis natuurlik die lang ure en omstandighede.

**A:** Ja, en jy sal baie keer dink die mense skel op mekaar en so, maar eintlik hou hulle mekaar net op mekaar se tone. Dis nie in 'n ernstige lyn nie, maar as jy nou 'n buitestaander is wat net moet luister wat hulle se dan gaan jy dink hier is moeilikheid dat ek maar verby stap, maar eintlik nie, eintlik is dit nie so nie. Hulle, kom ons noem dit, hulle terg maar net mekaar.

**V:** Dan, beskryf vir my bietjie 'n dag in die lewe van, met ander woorde hoe het jou daaglikse roetine verloop?

**A:** OK natuurlik nou is dit bietjie anders as aan die begin maar seker nou vandag of sê maar nou 'n dag moet vat of gister, maak nou nie saak nie. Natuurlik, ons doen ons beplanning en ek moet nou natuurlik my dinge uit"figure" vir die dag. Ons bespreek dit met... daar is 'n paar leiers hierso wat op die stadium is dit nou Manie en ou Giel natuurlik en dan is daar Bennie van Loggerenberg en onder hulle  is daar so twee of drie voormanne en dit is, op die stadium is dit ,wat is sy naam?, Salie die een aan die boukant, hy is 'n "carpenter". En dan het ons vir Bassie wat elektries is. Wat basies die werk oorsien so, ek gee basies vir hulle hul opdragte en vir hulle dingetjies om te doen en dan moet hulle nou volgens daai skedule na kyk en praat ek basies met eintlik meer met hulle as met die individuele. Maar natuurlik kyk ek het 'n oop deur so as enigiemand 'n probleem het met een van die managers of van die voormanne, dan moet hulle natuurlik na my toe kom en dan sal ons dit aanspreek of enige ander mense of wat ook al die geval mag wees. Ek en Michiel is gewoonlik maar die pa of die berader of die wat ook al mens nou wil sê.

**V:** Ja as daar nou probleme is.

**A:** As daar probleme is, ja, ja.

**V:** Hetsy hier of by die huis?

**A:** Ja, dit gebeur nou en dan by die huis maar dit is... Dis een van die kondisies. Hulle weet as hulle kom, as daar probleme by die huis is, hulle kan nie teruggaan nie. Hulle moet dit kan hanteer tot tyd en wyl, maar natuurlik, dit werk nie altyd so nie.

**V:** Ja dis maar...

**A:** Mense. Mens kan niks daaraan doen nie.

**V:** Nou is hier kokke gewees wat hier was terwyl julle hier was?

**A:** Ja gelukkig. Ons is baie gelukkig in daardie opsig. Ons het van die begin af kokke gehad, net met die konstruksie, terwyl ons nog 'n konstruksiebasis hier was en ons het ook 'n dokter gehad wat spesiaal afgekom het net vir die konstruksie span. Wat natuurlik 'n voordeel vir die jaarspan was want hulle het 'n “medic” en 'n dokter in nou gehad en natuurlik hulle hoef nie hulle kos te gekook het soos gewoonlik as hulle op hulle eie is nie, want die chefs het alles gedoen. Maar natuurlik die voor en die nadeel van die chefs is natuurlik nou jy kry of 'n goeie chef, of jy 'n minder goeie chef. En dis gewoonlik wanneer die minder goeie chef daar was wat ons 'n bietjie probleme gekry het. Die span was taamlik, raak bietjie negatief en so aan, hulle kla oor die kossies en hulle is nie happy nie en hulle kan nie werk as hulle nie kos kry nie of die regte kos kry nie, maar ek dink so, dit was maar so iets wat ons maar moes geleer het in die begin en dit het later beter geraak. Daar is dingetjies in plek gesit, ons het ekstra kossies ingekry wat DEA spesiaal vir ons aangekoop het, addisioneel as wat die jaarspan normaalweg ontvang omdat ons natuurlik Moslems en so aan ook op ons span het moes daar spesiale...

**V:** Om hulle te akkommodeer?

**A:** Wat nou nie gewoonlik in ag geneem word en so aan nie. So ons het hier en daar so ekstra paar goedjies gekry, lekkertjies en tjoklitjies en 'n paar nice goedjies wat mense nie gewoonlik sou gekry het as jy op 'n oorname hier was nie en ek dink daai konsiderasie het nogal baie gehelp in baie opsigte. Dat die ouens beter kos gekry het en so aan, dit het gehelp vir die spanbou en vir die bou van die basis en so aan natuurlik, ja.

**V:** Vir die motivering, ja.

**A:** Ja, vir motivering.

**V:** So ons het nou al so bietjie gepraat van die uitdagings van hier bly en hier werk en so, nou maar wat is die moeilikste ding?

**A:** Om hier te bly. Ek dink die moeilikste is - nou nie so veel vir my nie. Al wie naby my is, is my ma - maar ek dink vir die span, vir die spannetjie self is natuurlik hulle familie en kinders en vroutjies en so aan. Ek dink dis die moeilikste vir die mense om... en dis hoekom die kommunikasiegedeelte so waardeer word as hulle kan skakel meer gereeld as in die ou jare. Ek dink nie die manne wat vandag hier sal kan survive het nie maar ek dink hulle sou meer probleme gekry het seker in daai jare as wat hulle vandag... Jy kan elke dag skakel, jy kan e-mail en al sulke goedjies. Met Blackberry kan jy boodskappies kry. Al sulke goedjies wat jy nie vroeër jare kon nie.

**V:** Selfs vyf jaar terug.

**A:** Ja, so ek sal sê die swaarste is vir die mensies is seker maar om weg van hulle families af te wees. Ek dink die mense word taamlik, die DEA en ons Departement het baie van die nodige stappe gedoen om dit so gemaklik as moontlik te maak vir die mensies terwyl hulle hier is. Ons het nie altyd in die beste van omstandighede miskien geslaap of en so aan nie, maar die kos was gerieflik, die werk was natuurlik... Dis die ander probleem. Die lang ure is iets wat moeilik is vir die manne. Veral die eerste twee/drie weke, tot hulle gewoond raak aan die lang ure, is dit nogal moeilik om die mense net deur te kry deur die eerste periode. Maar wanneer jy eers nou in die ritme is dan gaan dit beter. So dit is 'n moeilike fase om aan die ure gewoond te raak en natuurlik dan maar die weer speel altyd 'n rol. Nou minder. Ons het baie binnewerk, maar meer toe ons die basis beginne gebou het toe ons nog moes in die reën en die wind en goed gewerk het en daar nie juis baie beskerming was van geboue of so nie.

**V:** Het die ouens baie in maaiers geval?

**A:** Sjoe in die begin ja, natuurlik was dit 'n groot grap vir almal.

**V:** Ja natuurlik, behalwe nou vir die ou wat nou...

**A:** Behalwe vir die ou wat nou vassit daar in die modder was dit natuurlik vir almal se... dit is, dit was alles deel van die grapperigheid gewees en so aan jy weet niemand wou voor op 'n paneel gedra het nie, hulle sou liewerste in die middel of agter gedra vir daai redes en so aan, so daar was heeltyd 'n bakleiery wie's voor en wie's agter. Ja, want alles moes maar met die hand gedra word, staal en sulke dingetjies en met die ekstra gewig dan val 'n ou maar partykeer nou deur.

**V:** O, ek sien.

**A:** Ja, ek het so paar foto’tjies as jy van hulle soek. As jy dit wil sien, ja.

**V:** Ja asseblief. Ek sal dit baie graag wil sien.

**A:** Ja waar mens nou sulke dingetjies kan sien ja. Wel dit was gewoonlik in 'n goeie bui en almal was baie bewus van wat kan gebeur so daar was nie enige asprisgeit of onnodigheid om die ou seer te maak of so nie, aan te loop of wat ook al nou nie. So almal was enige tyd enige iets so iets dit te wagte gewees in elk geval.

**V:** OK want dis natuurlik die omgewing.

**A:** Ja dis die omgewing ja.

**V:** Nou hoe was dit om saam met omgewingsake of wel DEA te werk?

**A:** Man ek moet sê, kyk ons het... Hoe kan jy nou sê? Dis basies maar ek en Oom Giel en Michael Murphy wat betrokke was wat basies met die DEA in vergaderings was en met hulle tegniese span. En natuurlik Adriaan. Hy was maar van die begin af hierso en hy was maar die ou wat die skakel tussen ons en hulle Departement, kan ek maar basies sê. As ons nie gelukkig met iets was nie het ons vir hom gesê en hy het na sy kantoor toe gegaan en so het ons nou tussen hom gewerk en as hy nie gelukkig natuurlik was met iets nie dan het hy vir ons kom sê of hulle Departement, dan het hy vir ons kom sê en dan - maar ek moet sê ons het gelukkig ons het nog altyd goed oor die weg gekom. Natuurlik ons verskille gehad hier en daar, maar ek moet sê, ons het baie goed oor die weg gekom met Adriaan. Man as ek kan sê die bemiddelaar kan ek nou amper sê en nog altyd 'n goeie verhouding gehad tot vandag toe en is eintlik al familie amper half, pêlle van al die jare wat ons saamkom nou al.

**V:** Ja darem ook al dekades al.

**A:** Ja, ja

**V:** Nou goed dit is amper op 'n einde.

**A:** Nee maak nie saak nie.

**V:** Sê vir my, hoekom dink jy is 'n basis op Marion en ook dan op SANAE belangrik?

**A:** OK laat ek dit so stel, ja. Maar kyk, daar was altyd op Marion ,kom ons praat eers Marion voor ons na enige van die ander eilande toe gaan,, Marion natuurlik is deel van Suid Afrika. Dis natuurlik die mees suidelikste eiland wat ons het en natuurlik vir navorsing vir die wetenskaplikes en so aan is dit natuurlik baie belangrik om 'n basis hier te hê om van te werk, om hulle werk hier te verrig terwyl hulle hier is en natuurlik om van die werk hier te verrig en saam terug huis toe te vat vir verdere studies en navorsing en so aan wat nie net vir Suid Afrika baat nie, maar ook miskien wêreldwyd. So ek dink dis belangrik dat hulle... 'n mens 'n goeie basis het om vanaf te werk en natuurlik dieselfde tyd moet hulle ook die basis geniet en gemaklik wees in die basis. Ek dink hierdie nuwe basis voldoen aan meeste van daai vereistes alhoewel ek persoonlik miskien dit nie sê nie, daar kon miskien 'n klein bietjie meer stoorplek gewees het. Maar ek dink dit is baie ruim. Mens voel nie beknop hier binnekant nie. Hier is baie meer geriewe as dink ek baie ander basisse het of wat baie meeste van die mense by hulle huis het. So ek dink die span wat hier kom bly vir die jaar of die wetenskaplikes wat hiernatoe kom, hulle kan gemaklik hierso lewe, hul werk verrig en ja, sonder te veel probleme of enige dingetjies soos dit, ja.

**V:** En die rol van die basis op SANAE?

**A:** Rol van basis op SANAE... Daar is natuurlik, hulle kry nie so baie aftrek soos Marion nie. Eintlik daar kom baie meer mense Marion toe. Veral Suid-Afrikaners en so aan, maar ek glo daar sal baie meer mense hiernatoe kom in die toekoms. Ek dink van jaarspanne en miskien wetenskaplikes, maar natuurlik is jy beperk met die getalle op die skip so dit sal bepaal hoeveel mense bly en kom en gaan en so aan, maar SANAE ook 'n baie belangrik. Ek dink dis meer 'n strategiese miskien basis vir Suid Afrika, politiekgewys, miskien vir die toekoms. Miskien 'n belangrike voet, hoe kan mens sê in die deur om te hê, maar daar word ook baie belangrike navorsing gedoen meer in die ruimte van die ruimte en so aan natuurlik. Nou nie soveel op diere so nie omdat daar nie so baie is nie. Maar dis meer ruimtenavorsing en goedjies wat daar gebeur. Ek ken nou nie baie van daai kennisse nie, maar ja, global warming en al sulke goedjies wat hulle miskien daarso kan op navors.

**V:** Nou, as die mans nou hier aankom, wat is die grootste wanopvatting wat hulle het oor Marion en ook toe hulle nou op SANAE aangekom het?

**A:** Kyk, as ek praat van eiland toe gaan, dan dink mense eiland soos Hawaii of" whatever" seker nou en as jy nou net, veral die mense wat dit van buite aanstel. Dis hoekom ons moet met die onderhoude en so baie klem op dit lê dat daar is nie palmboompies en vroutjies onder die boompies wat lê en tan en so aan nie. Dit is eintlik baie harde toestande hier, jy weet. Dit is koud en nat en dis die omstandighede waaraan hulle moet gewoond raak of nie enige pyn het mee en so aan nie jy weet dis waarin hulle gaan werk en so aan. En ja so ek weet nie, die ,hoe kan ek nou sê vir jou, die eilande, die mense het miskien 'n... meeste van hulle het 'n verkeerde persepsie reg aan die begin, maar "obviously" ons stel dit reg vir hulle, ons wys vir hulle foto's en prentjies en video'tjies en so aan van wat die omstandighede is en hoe dit daar lyk en wat verwag word van hulle en dat hulle natuurlik lang ure moet werk in daardie omstandighede ook natuurlik. En as hulle natuurlik hier aan kom is almal... is verbaas en jy kan maar met meeste van die mense kan jy gesels alhoewel dit miskien nie altyd so lekker is om hier te werk nie. Ek dink almal geniet die terrein en die natuurlewe en die mooigeit van die eiland al is dit nou bietjie hard nou en dan. Ek dink die meeste van die mense waardeer dit as hulle hier gekom het na 'n tydjie, ja. Almal raak maar lief vir die eilande. Dis maar 'n gogga wat byt en dit lyk my nie hy laat los nie.

**V:** En Antarktika?

**A:** Antarktika, natuurlik daarso is, hierdie jaar vir ons Departement is daar minder mense wat natuurlik maar gaan. Dis gewoonlik, afhangende wat verrig moet word, dis gewoonlik maar so onderhoudspannetjie van so plus minus 10/12 mense en ons sal heel moontlik seker dieselfde hoeveelheid hiernatoe bring, so 12/14 mense seker hiernatoe bring om die onderhoud te doen in die toekoms met oornames. Maar SANAE is natuurlik 'n heeltemal 'n nuwe ondervinding. Dis nou meer so yswoestyn. Mooi oop, skoon, vars lug, slegte weer, baie koud partykere, maar dit kan ook mooi wees. Jy kan met 'n T-shirt daar rondstap en op 'n sonnige dag al is dit nou soos vyf grade of minus vyf grade. So dis alles maar goedjies wat 'n ou aan gewoond raak seker maar oor die jare.

**V:** Is so.

**A:** Ja en Gough natuurlik is nou nie. Ons het ook 'n basissie daar, maar dit is nou nie, dit is nie ons eiland nie. Dit is 'n Engelse eiland onder Britse... Val onder die Britte, maar die basis is ons s'nne.

**V:** So dis julle werk om dit te onderhou en so?

**A:** Dis ons werk om die basis te onderhou. Tans is die basis nou al oud en dit sal seker die volgende ene wees om te vervang. Daar is 'n bietjie bespiegeling of dit daar gaan bly, miskien Tristan of...

**V:** Gaan skuif?

**A:** Gaan skuif maar ek weet nie daar is nie sekerheid omtrent dit nie. Maar ons het al gevra dat hulle dink daaraan om te begroot om, om die basis te vervang omdat dit natuurlik nou agteruitgaan en ons weet nie hoe lank dit nog sal hou nie.

**V:** Nou hoeveel keer was jy op Gough?

**A:** Op Gough, as ek moet skat, ek het nog nooit telling gehou van alles nie, ek dink daar is omtrent seker so ses keer miskien op Gough gewees al, plus minus.

**V:** En dit is maar so tussendeur?

**A:** Dis maar vir oornames gewees, ons het ook die ou basis afgebreek daar, gehelp met die ou basis afbreek en die nuwe ene bou daai jare, in die tagtigs.En by Marion was ek nou gewees, ek het nou nie tred gehou nie, maar ek is seker nou al so altesaam so drie en 'n half jaar op die eiland al. As jy al die dae bymekaar tel en by SANAE was ek omtrent seker so ,ook nie getel nie, plus minus 15 keer, sou ek omtrent sê. Wat ek by SANAE III was en natuurlik SANAE IV.

**V:** OK. Goed nou, laaste vraag. Beskryf vir my die eilande en dan beskryf jy vir my Antarktika.

**A:** OK, die eilande. Man, die eilande vir my is 'n persoonlike sagte plekkie. Ek was al die jare betrokke by die eilande van vakleerlingskap af. En later, toe die inspektoraat daai jare gegaan het, toe was ek ook deel van daai afdeling gewees. Ek dink hoekom ek vandag hier is, is omdat ek al die jare daarby betrokke was en ons is net 'n handjievol mense wat eintlik dit gedoen het oor die jare en ek dink baie min mense het seker die kennis wat ons opgebou het met die omstandighede by elke verskillende eiland. Die tipe mense wat mens nodig het natuurlik, wat jy ontmoet op die eilande en so aan, hoe om die omstandighede te hanteer en so aan en natuurlik in ons werksveld self is ons baie multigedissiplineerd. Ook, mens kan maar sê dis nou bou, elektries, meganies... baie kennis bietjie van al die werke en so aan en hoe belangrik die mense hiernatoe kom natuurlik dit is waar. Daar is net 'n handjievol mense wat al die werk moet doen so jy tel daai kennis op. Maar persoonlik het ek 'n baie sagte plek vir al die eilande en ek sal hoop om meer betrokke te wees in die toekoms

alhoewel ek weet nie wat my base vir my in... hulle het alle planne vir my om by die Parlement te gaan werk miskien, wat ek ook by betrokke was ook voorheen, maar dis lekker met die hande te werk. Alhoewel die omstandighede nie altyd so lekker is nie, ek geniet dit altyd, ja.

**V:** En SANAE?

**A:** SANAE, is ook 'n baie, soos ek voorheen 'n paar keer gesê het, hy is 'n baie mooi plek vir my. Hy is ruim, hy is... ek geniet dit baie daarso. Daar is miskien nou nie so baie lewe binnelands nie, daar kom miskien 'n voëltjie elke nou en dan verby, maar daar is mooi plekkies. Die berge daar is mooi die, ek weet nie of ek dit mag sê nie, ek het al van die krewasse af geklim en sulke dinge. Wat baie, dis 'n ander mooi, baie ander dingetjies om te sien wat mooier is en so aan of wat ook mooi is in sy eie manier en dit is ander omstandighede anderste as Marion natuurlik maar dis iets self op sy eie wat 'n ou geniet. Of wat ek ook geniet en selfde soos Marion en selfde soos Gough en die ander lekkerhede en so aan wat 'n ou weet waar dit is, so ook van die mense wat by Tristan basis of die mense hoe hulle lewe daar en hoe hulle is en 'n wealth van andere van ook daar gekom het tot nou toe natuurlik en natuurlik dan Gough self en die basis wat natuurlik baie kleiner is en baie minder werk maar dis weer anderste. Ander diere, ander was vislewe daarom wat byvoorbeeld nie hier is nie, wat nie by SANAE is nie.

**V:** Het julle baie visgevang by Gough?

**A:** Ons het al met etenstye ja, het ons maar gekyk of ons die lyntjie kan nat maak nou en dan en nie altyd gelukkig nie maar ons was baie kere gelukkig en ons het darem 'n snoekie gevang of 'n Five Finger'tjie of iets van daai aard, ja.

**V:** En Tristan? Vertel my gou so bietjie van Tristan.

**A:** Tristan, dit het baie verander natuurlik, ook die vroeë tagtigs eerste keer soontoe gegaan en daai jare het hulle nog hul eie radiostasie gehad. Die mense was baie, op die eiland baie meer kinders en sulke dinge gewees. Ek dink hulle bevolkinkie was miskien ook 'n klein bietjie meer as wat dit vandag was. Dinge het natuurlik nou baie verander met die satelliete en so aan. Hulle het nou almal televisie, telefoonlyne, jy weet, Internet. So dis baie moderniseerd nou natuurlik. Wat 'n ou eerste opval ook is die plek is so klein bietjie verwaarloos. Ek dink die rede daarvoor is die jong klomp gaan nou almal na die moderne wêreld toe - Engeland, Suid Afrika toe, Europa toe... Hulle wil nie graag op die eiland bly nie, die jonger klomp. So dis die ouer mense wat agterbly of die mense wat nou ouer raak wat miskien wil terugkom na hulle plekkie toe en so aan. Wat eintlik 'n jammerte is. Jy sal sien daar is so groot gaping: daar is klein kindertjies en dan is daar niks nie en dan net die ouer mense byvoorbeeld. Maar dis ook 'n baie interessante plekkie om te wees met hulle tradisies wat hulle het en so aan. Ek hoor daar was nou onlangs 'n groot ramp daar gewees met 'n skip wat daarso...

**V:** Ja, olie gemors het.

**A:** Olie gemors het daar vir die pikkewyntjies en so aan op hulle, op daai particular eiland wat ek dink hulle honeymoon-eiland eintlik is of was. Hulle het mos daai tradisionele seilskippie altyd soontoe gevaar vir hulle honeymoon en dan het hulle 'n paar dae daar gebly en dan natuurlik nou weer teruggekom en so. So ek weet nie hoe lyk hulle honeymoon-eiland nou nie. Ja.

**V:** Goed baie dankie. Is daar nog iets wat jy wil byvoeg?

**A:** Ag nee wat, ek wil net sê die mense moet maar die... ek hoop die mense wat opvolg sal ook net so passievol wees om die dinge reg te laat geskied en mooi agter die plek kyk en natuurlewe ook in ag neem. Ja, dit sal jammer wees om eendag nie meer eiland toe te kom nie.

**V:** Baie,baie dankie